

Hulle kyk af wat die witman doen en as hulle by hulle eie stade terugkom, dan werk hulle op dieselfde manier as wat die witman doen. Dit is baie nuttig, natuurlik, en mens kan sien dat daar groot vooruitgang is wanneer die naturelle die voorbeeld van die witman volg. Ek dink U sal met my instem dat as naturelle by die witman gaan werk en op die manier leer, dan is dit die beste landbou skool wat hulle kan kry.

Waar het U kaffers die nuwe metodes geleer? - Wel, hulle het by die witmense gewerk en hulle het die metodes van die witmense opgetel; hulle sien wat die witmense doen en hulle pas dit dan self toe. U moet verstaan, baie van ons naturelle is progressief, en ons witmense wat hier boer is ook progressief, en op die manier leer die een die ander. Die kaffers is baie oplettend en hulle volg die voorbeeld wat hulle daar onder die progressiewe witmense sien. Ek is bly om te sê dat dit al meer en meer plaasvind, ofskoen daar natuurlik nog hier en daar mense is wat, as hulle by die lokasie terugkom, hulle ou manier van werk volg en alles vergeet wat hulle van die witmense geleer het. Maar die soort van mense sal ons altyd aantref.

Sou U daarvoor wees dat die jong kaffers liever op boerderye sou gaan werk as op die goudmyne? - As hulle op boerdery wil ingaan, dan sou ek vir hulle raai om eers by 'n boer te gaan werk.

Sal hulle dit doen, is hulle begerig om dit te doen? - Ja, daar is baie van hulle wat dit sal doen.

Kla die boere hier oor gebrek aan werkvolk? - Nee, nie eintlik nie. Daardie kwessie is ook maar moeilik; die boer wat kla dat hy nie werkvolk kan kry nie, gewoonlik is dit sy eie skuld; hy behandel die volk nie reg nie. Ek praat openlik daaroor met die mense; en gewoonlik is die

oorsaak niks anders nie as onregverdige behandeling.

Wat soort van onregverdige behandeling? - Wel, dat hulle hulle geld nie kry nie, of hulle nie goed genoeg kos kry, of dat die boer die volk oormatig laat werk; so 'n boer vind dat hy nie werkavolk kan kry nie, wat die een naturel vertel gou vir die ander een, en dan wil hulle nie by hom gaan werk nie. Maar waar 'n boer sy volk regverdig behandel, maar waar hy hulle genoeg kos gee, waar hy vir hulle geld betaal, wanneer dit aan hulle toekom, daardie boer kla nie oor die gebrek aan werkvolk nie, want die volk kom by hom om werk te soek. Dit is die gewone ondervinding: hulle gee nie soveel om die werk nie; hulle wil net regverdig behandel word; dit is al, en as hulle weet dat hulle goed behandel sal word, dan sal hulle by die boer gaan om vir hom te werk.

Wat is die verdienste meestal wat hulle kry van 'n boer? - 'n Jong kaffertjie sal £1 kry, £1.10.0 en selfs £2.

Sou dit met kos wees? - Ja, die gewone prys is 1/6 per dag vir 'n kaffer wat goed werk. Dit is 9/- in die week, maar baie van die naturelle wat al lank gwerk het, hulle kry 10/- in die week en ook kos daarby.

In die begin van U getuigenis het U gesê daar is 'n outokratiese neiging by die jong kapteins? - Ja.

Waaraan skryf U dit toe; hulle het dit tog nie geleer nie? - Hulle probeer om op hulle eie te regeer en alles op hulle eie persoon te laat kom. Dit is die bestaande neiging onder baie van die jong kapteins wat mens nou kry. Vroëer was dit nie die geval nie, maar vandag is dit so.

Ja, maar waar het hulle dit geleer? - Die kapteins

probeer alles op hulle eie persoon te laat kom, maar dit is 'n mislukking; ek het gesê hulle weet self nie wat hulle doen nie; hulle is tussen die bas en die boom; dit is my opinie. Hulle weet self nie of hulle moet demokraties of outokraties regeer. Wat die oorsaak daarvan is, weet ek nie; ek dink persoonlik hulle is nie goed genoeg nie.

Sou U daarvoor wees dat daar meer mag sou gegee word vir die kapteins, of teen U daar moet liever minder mag vir hulle gegee word? - Ek sou sê gee hom liever meer mag, maar hy moet daardie mag nie persoonlik kan voer nie; hy moet daardie mag uitvoer met hulp van die ou stamvaders en die ou hoofde van sy stam, soos dit vroëer die gewoonte was. Ek sou sê gee hom meer regte, maar maak dit duidelik dat hy moet regeer met hulp van sy ou raadgewers en sy ou hoofmannes. As op die manier sy invloed en sy waardigheid kan vergroot word, dan sê ek, "Gee hom meer regte." Ek glo die uitwerking van so iets sal baie goed wees.

U het gekla oor die onregverdige verdeling van die grond wat nou in die stade plaas vind? - Ja, in die lokasies.

Het hulle dan nie 'n sisteem nie? - Ja, hulle het 'n sisteem en gewoonlik is daar 'n naturel aangestel om op sulke dinge te let en om die verdeling te doen, maar ongelukkig wil vandag se kaptein alles persoonlik doen, en dit is waar die onregverdigheid plaasvind; hy gaan verkeerd.

Op watter manier handel hy verkeerd? - Hy maak 'n mislukking van die hele ding.

Op watter manier? - U het die ruines van die huise self gesien; dit is daaraan toe te skryf; die mense gaan weg, maar hulle land bly daar lê sonder bewerk te word ..

Daardie ruines, kan U sê of dit aan Kristens of aan

heidens behoort ? - Aan alle twee die seksies. By my op die stasie is daar maar baie min heidens; daar is maar net 'n paar mense wat heidens is, maar die vrouens en die kinders is almal gedoopt.

Daardie ruine is familie besittings ? - Ja, dit is.

Is daar nie 'n ou bygeloof aan verbonde ? - Ja, in sommige gevalle is dit so; waar die hele familie uitgesterf het, daar wil hulle nie graag op die grond weer gaan bou nie; hulle laat dit maar liewer lê soos dit nou is.

Hulle wil nie graag, of party keer mag hulle nie ? - Dit is so; die ou bygeloof last hulle nie toe nie.

U het ook gesê dat die kaffer wat opgelei is vir 'n vak nie daarby bly nie ? - Hy val dikwels uit en gaan terug na sy stad om weer op boerdery in te gaan.

Ja, die kwessie is of hy genoeg ondersteuning het om die vak uit te oefen; miskien kan hy sy vak nie uitoeft nie omdat die mense hom nie help nie; hy kan miskien nie aanhou nie? - Dit lyk vir my dat die rede hoekom hy nie by sy vak bly nie is dat hy te veel ysters in die vuur het; hy wil die boerdery tegelykertyd uitoeft met sy gewone vak, en dan kyk hy nie agter sy besigheid nie, en die ding gaan dood. Dit is vir my die vernaamste rede hoekom hy nie 'n sukses maak van sy vak of van sy ambag. Dit is nie soseer nie dat hy nie die ondersteuning kry van die naturelle nie.

Het U opgemerk dat daar teenswoordig groter neiging onder die naturelle is vir neutraal onderwys/vir Kristelike onderwys ? - Ja, ek het dit opgemerk.

Die naturelle wa om Goewernementsskole ? - Dit is so.

Hulle sê hulle is nie tevrede met sendelingsskole; het U dit ook opgemerk ? - Ja, daar is sommige van hul wat dit sê

Wat is die oorsaak ? - Daar is twee bewegings; daar is sommige van hul wat meen dat hulle sonder die sendeling nie kan klaar kom nie, en hulle wil daarin bly; hulle is baie sterk op die punt; maar dan is daar 'n ander seksie wat onderdenominasionele skole wil hê; dit is 'n seksie wat meen dat dit beter sou wees om onder die Sending klaar te kom; die beweging het ons hier ook.

Ja, ons het dit ook op ander plekke gehoor; wat is die rede van die twee bewegings ? - Moeilik om te sê - ek meen dit is net die algemene gees om los te kom van die witman. Ek kan nie sê wat dit anders kan wees nie.

Uit U hele getuienis moet ek verstaan dat U meen dat dit beter is vir die naturel om op die land te bly ? - Ja, dit meen ek. Sy doel moet wees om altyd terug te gaan na sy volk en na sy land; sy doel moet wees om later weer landbouer te wees; op die please van ander mense kan hulle nooit meer as werkvolk wees, en ek meen hulle besef dit. Om die rede sê ek dat dit beter is vir die naturel om op die land te bly.

U is goed bekend met die naturel - kan U sê van U kennis van die naturel dat die stamverband begin af te neem ? - Tydelik is dit so.

U lot, hou hul die stamverband op ? - Ja, hulle hou nog veel van hulle stam en van hulle lepteins. Hulle gaan net tydelik van hulle stam weg, net met die doel om geld te verdien vir een of ander doel. Maar dit is maar net tydelik en die verbreuking van die stamverband, wat my mense betref, is nie meer as tydelik nie. Per slot van rekening kom die meeste van hulle terug. Dit is waar, daar gaan baie van hul na Johannesburg toe, of ^{na} een van die ander groot stede, en hulle gaan daar in die groot stede woon; sommige gaan daar

woon in die lokasies, maar dit is maar net tydelik, en soos ek gesê het, baie van hul kom later weer terug. Hulle is baie lief vir hulle stam en hulle kom terug. Baie van hul het weggetrek na die Hoëveld; hulle het op boereplase gaan woon en later weer terug gekom na hul eie stad; hulle het terug gekom, miskien met 'n span osse en 'n wa; hulle het na hulle eie stad terug getrek en hulle het hier weer verder kom boer; dit is wat ons ondervinding hier is.

Maar is daar nie anderes nie wat heeltemal wegtrek en nooit terugkom nie? - Ja, daar is sommige wat nou nog weg is. Maar dit is maar baie enkele; dit is die uitsonderings. Maar hoewel hulle daar woon, reken hulle hulle self nog as behorende aan die stam; hulle beskou die kaptein nog steeds as hulle kaptein; en as die kaptein kom rondry by hulle, en as hy vir hulle ondersteuning vra - hulle gee dit.

Is daar ook naturelle hier wat hul eie plase het? -

Ja.

Het hulle ook plakkars, kaffers wat by hulle woon? - Nee, ek glo nie dat hulle plakkars het nie.

Die behoef nie hulle eie mense te wees nie? - Nee, nie wat ek weet nie.

Die naturelle wat hul eie plase het, werk hulle die grond alleen? - Ja, hulle werk dit self.

Dan het U gepraat van die meidjies wat terugkom van die dorpe met 'n kind. Wat is die posisie van die onegte kinders? - Sy dra die familie naam van die vader van die meisie.

En as sy nou trou hier, dan bly dit die naam? - Ja, die kind word beskou as behorend aan die familie.

U het ook gepraat van die huur kontrakte wat die boer met die naturel het: wat is die kontrakte meestal - is hulle geskryf of mondellings? - Die meeste van die kontrakte is

mondelinge kontrakte, maar in die laaste tyd is daar ook baie gevalle gewees waar dit geskreve kontrakte is.

Is daar 'n begeerte onder die naturelle om geskreve kontrakte te kry ? - Ja, in die laaste tyd is daardie begeerte - daar is baie van hulle wat daar nou om vra.

Daar sal geen objeksie wees nie as dit bepaal word dat alle kontrakte geskryf moet word ? - Nee, daar sal nie objeksie wees nie; gewoonlik in die laaste tyd gaan hulle na die Naturelle Kommissaris om die kontrakte op skrif te kry.

U het gesê dat die verhouding tussen die naturelle en die witmense in hierdie distrikte baie goed is ? - Ja, in die distrik wat ek mee bekend is, is dit so.

U het ook gesê dat die naturelle liewer na die Kommissaris en na die hof sal gaan as na hulle eie Kgotla ? - Ja, dit is wat hulle hier sal maak.

Kan ons daaruit die konklusie trek dat die naturel tevrede is met die regering van die witman; daar is nie suspisie hier nie teenoor die witman ? - Nee, daar is nie.

Meen hulle hier dat die Regering dit goed met hulle meen ? - Ja, dit is seker hulle oortuiging.

As so 'n onegte kind 'n seun is, watter naam dra hy dan ? - Die familie naam van die meid.

Dit kom daar nie op aan nie of dit 'n dogter is of 'n seun ? - Nee; tensy natuurlik die jong man kom en die meisie trou. In die geval sou die kind die naam van die vader dra, maar anders dra die kind die familie naam van die meisie.

MNR. LUCAS: Is an illegitimate child looked down upon? No, not at present, but in ancient times it was.

DR. FOURIE: Is daar hier in U area genoeg skole vir die jong naturelle; hulle behoef nie weg te gaan nie vir

hulle onderwys ? - Nee, hulle het nie nodig om weg te gaan nie.

Ons het nog baie ongeregistreerde skole waarvoor ons applikasie ingestuur het om registrasie, maar ons kan dit nog nie kry nie.

Is daar 'n Goewernments skool ? - Ja, daer is al 'n Goewernments skool van 1904 af.

U het gepraat oor die demoralisasie van die jong geslag en die opvoeding wat geleidelik moet kom. Is die gang van die sivilisasie ook nie te vinnig vir die naturel nie ? - Nee, dit glo ek nie.

In die algemeen is die bestawing nie te vinnig vir die naturel nie ? - Nee, ek glo nie. As dit so gaan dat ons nie te gou gaan nie, dan is dit heeltemal gesond.

Ja, dit is my vra. Is dit nie U opinie dat sivilisasie te gou is ? - Ja, ek meen dat dit dikwels so is.

MAJOR ANDERSON: We have noticed that the native here seems to have got a considerable degree of advancement beyond other districts in South Africa. Can you give any reason for that: why they have advanced faster here than elsewhere ? - The natives here have been under the influence of the white men longer than any other districts. They have been here under the white man from the very beginning. From the very days of Mosalekatse they were under the influence of the white man; the natives more in the north, they were practically wild natives and you can say that that was due to the fact that there were practically no white men there at all. They remained in their ancient state and did not have the influence of the white pioneers; here in this district, on the other hand, it was the early influence of the white man which helped them along and brought them to a higher degree of civilisation than the other natives in the other parts of the Transvaal.

MR. LUCAS: Have not they been under the influence of the Whites in the Grahamstown district just as long and also in various other parts of the Cape? - I do not know; my knowledge does not go so far. I am not so well conversant with the circumstances and conditions of the colonial natives. Still, I have always been wondering why they appear to be staying back so far; they do not seem to have advanced as much as our natives in these areas.

That is why we ask you why they have gone ahead so well here? - Perhaps our natives here are more adaptable.

(REPORTER'S NOTE: THE WITNESS USED THE WORD "SUSCEPTIBLE").

Now about these undenominational schools. In the Middelburg district, a native chief there is pressing for undenominational schools, because there are three Mission schools and these three are turning out three separate tribes in the one area of the one native chief. He wants to stop that. Is it possible that the demand for an undenominational school is due to the rivalry between mission schools? - I could not point to any instance. There is a cure for that without making it an undenominational school, and that is to amalgamate these three mission schools. That is what we are aiming at in the Advisory Council and that is what is being aimed at by the Education Department. We want to amalgamate and centralise the schools as much as possible, and the drawback is more on the side of the Mission than on the side of the Education Department. We cannot get the Missionaries together, but we are very keen on bringing this about; we feel that it is in the interest of education and in the interest of the people concerned. We have several instances where we have amalgamated schools, and we can quote you

several instances; the nearest instance is at Rustenburg itself. Here we have a Wesleyan school, an Anglican school, a Lutheran school and a Dutch Reformed school; they have been under four different superintendents. Now we have amalgamated these four schools. They are all under one missionary now. The missionaries here have agreed among themselves to have only one man as representative of the Government. Of course he is working together with the others. They have appointed this one man to be the Superintendent. That is one instance, but I can refer you to several others of a similar kind. The only cure for the difficulty which you raised is amalgamation without making an undenominational school. You understand that I as a missionary am opposed to an undenominational school; so is the Advisory Board and so is the Education Department; and so is the Executive Council of the Transvaal Provincial Council. We say, and we say very definitely, the only cure lies in the amalgamation of these schools.

THE COMMISSION ADJOURNED AT 1.10 p.m. FOR LUNCH
UNTIL 2.15 p.m.

DIE KOMMISSIE HET OM 2.15 n.m. WERK BY NEKAAR GEKOM.

DS. GEORG PETER STEGMAAN, OPGEROEP EN ONDERVRAA:

VOORSITTER: U is 'n sendeling van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk? - Dit is so.

Wil U 'n verklaring vir ons afle? - Wel, wat Meneer Penzhorn vanmôre gesê het is ek feitlik op alle punte

met hom eens; en derhalwe meer ek dit is nie nodig nie om op al die punte weer aan te raak. Ek stem meer of min met hom in op al die punte. Daar is maar net 'n paar punte waарoor ek 'n paar woorde wens te sê. In die eerste plaas is daar punt 1 (2) "Voor- en nadele van stamtoestande." Van wat ek in die laaste tye gemerk het van die Regering lyk dit dat dit die bedoeling is om soveel moontlik die onstamming van naturelle teen te gaan; dit is die indruk wat ek in die laaste tyd opgedoen het; wel, in baie opsigte is dit seker goed; maar daar is ook seker nadele wat die Coewernment moet in ag neem; daar is byvoorbeeld seker naturelle wat finansiëel in staat is om 'n stuk grond of 'n plaas vir hulle self te koop; die idee is nie soseer om hulle van die stam af te skei, maar om op hulle eie te wees, min of meer. Dit is die politiek van die Administrasie om nie so 'n ding aan te moedig nie, want hulle vrees die stam sal opgebreek word as daardie soort van ding verder sal ontwikkel en as daar baie van sulke naturelle hulle eie grond of plaas sal kan koop. Ek kan nie sien nie waar dit sal gebeur; as daar seker naturelle in 'n stam is wat finansiëel in staat sou wees om vir sig self grond te koop, dan kan ek nie sien nie waarom die Regering dit nie sou aanmoedig nie. Die gevhaar is by ons dat waar so baie naturelle saam woon in klein lokasies, dat daar geen verbetering sal wees nie as die bestaande toestande sal voortgaan. Daar is welgestelde naturelle wat graag verbetering wil inbring, maar omdat dit almal se grond is word hulle nie aangemoedig nie om die verbeterings in te bring. Maar as hulle daar self 'n stuk grond kan koop met 30 of 20 families daarop, dan kan hulle die verbetering daar inbring

sonder die gevaar te loop dat die grond langsamerhand in die hande sal val van die stam; dit is natuurlik die ding waar hulle in bestaande omstandighede bang voor is; dit sal dan nie kan gebeur nie: tegelykertyd glo ek nie dat daar gevaar bestaan dat daar ontstamming, of "detribalisation" sal plaas vind. Hulle sal nog altyd onder hulle hoofman staan en die gesag van die kaptein sal hulle nog steeds erken; die gewoontes van die stam, die gebruiks van die stam sal by hulle bly bestaan. Maar die grond besitting en die eiendom van die beeste is net afgeskei van die stam; ek sou daar onder die omstandighede voor wees, so lank as hulle offisiëel die verband met die stam nie breek nie; ek sou ten gunste daarvan wees, dat dit sou aangemoedig word deur die Regering. Want daar is sulke gevalle.

Dan wil ek graag iets sê omtrent naturelle gewoontes. Ek weet U sal miskien getuies kry wat ten gunste is van U punt (4) "Ekonomiese funksie van lobola - in hoever beeste deur iets anders vervang word." U weet miskien, dat lobola is lank afgeskaf gewees, maar nou kom dit weer in swang. Daar is sommige stemme wat dit nie het nie. Daar is Regeringsamptenare en daar is ook naturelle self wat daarvoor is om lobola verpligtend te maak: hulle is ten gunste daarvan om dieselfde toestand hier te kry as in Natal waar lobola verpligtend is, soos ons hoor. Maar ek wil net dit sê - die toestande hier is anders as wat dit in Natal is. In die eerste plaa - ons naturelle hier is ver vooruit van wat hulle in Natal is, en dit maak 'n groot verskil wat betref naturelle gewoontes; natuurlik die mense wat vooruit is het nie dieselfde gewoontes nie as daardie mense wat nie vooruitgegaan is en wat by hulle ou gewoontes bly staan het; mens kan die self begryp. Ons is hier verder

gevorder as die naturelle van Natal. Ek sê mask dit nie verpligtend nie; laat dit optioneel bly; ons kan nie 'n kuiken wat twee dae oud is weer in die dop gaan insit. Ons het baie naturelle hier wat goed ontwikkel is. Ons het naturelle hier wat by die blankmense opgegroei is en die gewoontes en lewenswyse van die blankes aangeneem het. Ons kan hulle nie dwing nie om terug te gaan nie; as lobola verpligtend gemask word, dan beteken dit agteruitgang.

Lobola is hier nie verpligtend nie, maar as die ouers kan eis dat dit sal betaal word, en as die jong man dit nie kan betaal nie, wat sal dit dan meen? Dit sal beteken dat die meisie en die jong man in oneg sal leef. Ek meen dit sal ontug in die hand werk as lobola verpligtend gemaak sal word; en baie van ons meisies sal na die goudvelde trek en sal daar somarso leef met die jong kaffera.

Daar is baie van ons jong mans wat bang is huistoe te kom, net omdat hulle bang is vir die lobola. Ek het van hulle gevind en ek het vir hulle gevra "Hoekom gaan julle nie huistoe nie?" en hulle het vir my gesê dat die rede hoekom hulle wegblý is omdat hulle nie lobola kan betaal nie. Dit is my ervaring in verband met daardie ding, en as ons nou nog verder sou gaan en die lobola heeltemal verpligtend sou maak, dan sou dit die verhouding nog slechter maak en in die uiteinde sou dit onsedelikheid baie in die hand gaan werk. Dit is my opvatting oor die ding en ek meen dat daar baie onder die naturelle is wat dink net soos ek doen. Ek sê laat dit optioneel, maar mask dit nie verpligtend nie. Dan wil ek nog graag 'n paar woorde praat oor punt (3).

Daardie punt handel oor naturelle sonder grond, en ek wil net dit sê: daar is baie van ons naturelle wat nie grond besit nie en hulle bly op kompaniesplose of op boereplose. Nou wil ek sê dat die posisie van daardie mense baie onwenselik lyk. Hulle bly op daardie grond; hulle werk hard en bring verbeterings aan, maar hulle weet nie hoe lang hulle daar miskien sal kan bly. Hul is absolut op los grond; enig dag wanneer die kompanjie 'n koper kankry, sal die grond verkoop word; die verbeterings wat hulle aangebring het tel vir niks nie en in 'n jaar of so moet hulle trek sonder iets terug te kry vir hulle verbeterings. Ek sou versoek, dat die Administrasie, die Kommissaris en andere die naturelle sou aanmoedig, dit is, die grondlose naturelle sou aanmoedig om hul by een of ander stam aan te sluit; die naturelle sou dan verplig wees om 'n bydra te gee vir die stam om grond te koop, sodat hul dan tenminste 'n plek sal hê waarop hul sal kan woon en bly en waar hulle tenminste iets vir hulle self sal kan doen.

Daar was onlangs nog 'n stam gewees wat dit optyd gesien het en hulle het bygedra om grond vir hulle self te koop; 'n kort tydjie later het hulle kennis gekry dat hulle moet trek, maar toe het hulle grond gehad en daar het hulle gaan woon; hulle het hul eie plek gehad. Daar is toe groot verhuising gewees, maar hulle was tevreden met hulle eie plek.

Daar is baie van ons naturelle vroue en jong kaffers wat groot stede toe gaan; hulle doen dit graag. In die eerste plaas is die werk in die dorpe maklik, vergelyk met die werk in die lokasies en op die land; in die tweede plaas trek die lewe in die groot dorpe vir hulle aan. Dit is 'n goeie bestaan wat hulle daar kry met al die aantreklikhede.

Maar die ouers sou liewer sien dat die jong man vir 'n poes by die boere sou gaan woon. Maar die jong kaffers wil dit nie doen nie; hulle verkies om op die dorpe te gaan bly, waar die lewe beter is. Op die lande en in die lokasies is daar baie werk wat hulle moet doen; in die dorpe en in die stede is hulle meer vry, en hulle verkies na die dorpe te gaan selfs al is die loon maar klein. Die soort van ding werk oneconomies vir ons mense. Vroëer het baie van ons families kleintjies gehad om by die blankes te gaan werk. Na 'n tyd het die kleintjies terug gekom met beeste wat hulle verdien het terwyl hulle vir die boere gewerk het. En dit het baie vir die naturelle gehelp. Maar nou maak hulle niks nie; hulle gaan nog weg om te werk; in die dorpe of op die goudvelde werk hulle vir 'n tydjie lang, maar hulle kom terug sonder iets. Ek het 'n jongetjie gehad wat op my plaas by my gewerk het, en in 'n paar jaar het hy 'n klompie beeste gehad; maar later is hy weg; nou is hy in die dorp, maar nou het hy niks nie. As hy by my gebly het, sou hy minstens dertig beeste gehad het.

Natuurlik, die aantreklikheid van die dorpe is groter, en dit is die groot moeilikheid wat ons ondervind.

Dan wil ek nog iets sê oor punt (3). Ek weet nie of ek goed verstaan. Hier by ons was die boereplase feitelijk die arbeidsveld gewees vir ons naturelle. Maar dit is nou nie meer so nie. Waar vroëer ons mense baie uitgegaan het na boereplase, daar kan hulle dit nou nie meer doen nie. Ek praat nou op die punt "Ekonomiese gevolge van naturelle verhuising en van toelating van naturelle van buite die Unie." Die Blantyre boys kom nou in; hulle kom van Nyasaland. Daardie Nyasaland boys kom hier sonder iets; hulle gooi alles weg; hulle het hulle vrouens daar in Nyasaland laat

staan. Wat hulle hier verdien bestee hulle net aan hulle self; hulle stuur niks aan hulle vrouens nie. Dan werk hulle teen 'n loon waarteen ons naturelle nie in staat is nie om te kompeteer. Hulle is heeltemal bereid om te werk vir £1 of vir £1.10.0 en op die manier bederf hulle die mark vir ons naturelle wat hier bly en wat nie vir daardie loon kan werk nie. Ek sê dit: dit is daaraan toe te skryf dat so baie van ons naturelle ekonomies agteruit gegaan het. Ek sal U 'n voorbeeld gee wat nou gebeur. Ek het onlangs in 'n huis gekom en die vrou van die huis vertel vir my sy het 'n baie knap kok, en hy is baie goedkoop. Ek vra vir haar vanwaar hy kom en sy sê vir my hy kom van Blantyre; sy loon is net £2. Wel, die gewone loon wat ons boys vroëer vir daardie soort van werk gekry het was nooit minder as £2.10.0 gewees, en £3, en in sommige gevalle waar 'n boy lank gewerk het, was dit selfs meer gewees. Maar die Blantyre boys het dit ook heeltemal bederf; hulle werk nou vir £1.10.0 en vir £2. Hulle kan dit doen want hulle het glad nie onkoste nie; hulle stuur niks weg nie vir hulle vrouens en alles wat hulle verdien bestee hulle aan hulle self. Dit is wat die toestand vir ons naturelle so ernstig maak. En ek is bang dat die toestand nog slechter sal word as die Regering dit toelaat vir daardie mense om hier in te kom en met ons naturelle te kompeteer in ons arbeidsvelde. Daar bestaan 'n wet wat naturelle wat van noord van graad 22 Suid kom verbied om hier te kom; maar die wet word nie uitgevoer nie; dit is net 'n wet in naam en nie in daad nie. Wat hulle nou doen is dit: hulle kry 'n pas om Bulawayo toe te kom; en as hul eenmaal daar is, dan kan hulle weer 'n pas kry om na die Unie toe te kom en op die manier oortree hul ons wette en kompeteer hulle met ons eie naturelle.

En so is daar honderde wat al jare lang hier is. En dan betaal hulle boondien ook minder belasting as wat ons naturelle doen. Waar ons £1/£1.10.0 moet betaal, betaal hulle maar net die-selfde belasting wat hulle in Nyasaland sou moet betaal, en ons verstaan dit is baie minder as wat ons hier moet betaal.

Dan is daardie kwessie van die naturelle landbou; daaroor is al heelwat gesê. Weneer Penzhorn het ontmoedigend gepraat oor die landbou demonstrators; wel, ek wil net dit sê op daardie punt: miskien is die fout by die man self wat ons hier het; miskien verstaan die naturelle nog nie vir hom nie; miskien het hy nog nie genoeg invloed onder die naturelle wat sy werk betref; maar ek glo daarom tog dat op die lang duur die soort van demonstrators baie goed sal kan doen. As daardie soort van ding 'n sukses was in die Transkei en op ander dele van die land, dan ken ek nie insien nie waarom hulle nie 'n sukses sou wees hierin die Transvaal en in die Rustenburg distrik en onder ons stamme. Ons boere mense en selfs ons naturelle is baie konserwatief. Maar daar is groot persentasie van ons naturelle hier wat graag vooruit wil en wat daarop uit is om op die beste en mees "up-to-date" metodes met hulle boerdery aan te gaan. Hulle wil die beste metodes met hulle boerdery aan te gaan. Hulle wil die beste metodes wat nou deur die progressiewe boere gevolg word ook volg. As die Regering 'n goed-oorlegde man kan stuur - liewerste 'n witman - en om onder die naturelle in te gaan en hulle die beste landbou metodes kan wys; as hulle die naturelle kan wys hoe behoorlik te ploeg; as hulle vir die naturelle kan wys wat die goeie en wat die verkeerde metodes van landbou is; as hulle vir die naturelle kan wys wat die nut is van mis te gebruik en hoe hulle die mis op die lande moet set, ensovoort, dan neen ek dat dit baie goeie gevolge sal hê. Ek weet

nie hoekom die volk by Meneer Penzhorn nie mis aan hulle lande gee nie. Die boere gee mis, en ek weet nie waarom die kaffiers hier nie so mask nie. Vandag werk die kaffiers hard en ploeg hulle byna die hele wêreld, en tog win hulle nog nie genoeg nie vir die onderhoud van hulle huise. As hulle mis op die land sou set sou dit seker baie beter wees, maar hulle doen dit nie. Die beeste kraale lê dik met die mis, maar dit word glad nie gebruik nie; dit lê maar en hulle doen niks daarmee nie. Ek het met hulle oor die ding gepraat, maar dit help glad niks nie. Daar is mense wat hulle mis kom koop, en hulle verkoop dit in plaas van dit self te gebruik en hulle oes te vermeerder. Ek het dit vir hulle gewys en vir hulle gesê hulle moet die mis gebruik; ek het vir hulle gevra "Hoekom gebruik julle die mis nie?" Ek het hulle daarop gewys dat die turf grond baie maer geword het, maar sonder gevolg. Ek is daarvan oortuig dat as die naturel daartoe gebring kan word om in te sien dat sy lande behoorlik gemis moet word, en dat hy dan groter oeste sal kry, dan sal daar baie vooruitgang wees.

Ek kom nou op punt 6 (7) "Vee-soorte; oorhoping van vee - maniere om hierdie euwel te bestry." Ons het tamelijk op daardie punt ingegaan, maar die groot gebrek waarvan ons ly is water. Die Bagathla het baie place, maar op die oomblik is daar maar net een water plek en die beeste moet ver loop om by die dam te kom; hulle vertrap twee of drie-maal soveel as wat hulle opbring: dit is 'n baie ernstige kwessie vir die mense in hierdie distrikte. As hulle boorgate kan kry op die grens tussen elke twee place, of as hulle miskien 'n behoorlike groot dam sou kan kry, dan sou dit van die grootste nut wees; in die eerste plans sou dit dan nie meer nodig wees vir die beeste om die land afstande te

loop en in die tweede plaas sou hulle die grond nie meer so vertrap as hulle nou doen.

Die ander ding is die afkamping van die saaigronde en van die weigronde. As dit moontlik sou wees om die saaigronde af te kamp dan sou dit beteken dat ons beeste dag en nag sou kan loop; op die oomblik is dit die moeilikheid dat hulle moet opgesluit word; dit werk maar baie sleg en die gevolg is dat die vee nooit behoorlik vet word; hulle is altyd verskriklik maer.

Dan ook, U het dit gesien - die geloop van die beeste oor die paaie, dit veroorsaak die onstaan van groot dongas waar die grond verspoel. U het self gesien - groot stukke is verspoel waarmee mens niks kan maak nie. Dit is ook 'n baie ernstige saak en die vra by my is of die Regering nie iets kan doen nie om aan die kapteins of aan hulle rade seker magte te gee sodat op elke plaas net 'n seker aantal stuk vee kan aangehou word.

Ek dink nou aan een plaas, dit was een van die beste plase in die omstrekk hier. Die gevolg van die vertrapping van die grond en die verspoeling wat daar plaas gevind het is dat daar maar net 'n klein klompie beeste kan gehou word, en die posisie word elke dag slegter en slegter. Ek meen die hele kwessie van verspoeling is een van die ernstigste en dringendste waarmee ons te doen het. Toe die naturelle daardie plaas eers gekoop het, was dit baie goed gewees, maar toe het daar van hulle beeste van alle kante gekom; elkeen wat daar kom woon het het sy beeste saam gebring en nou is alles daar dood; alles is vertrap en verspoel.

NATURELLE ARBEID-LOON: Ek wil nou net iets sê op die kwessie van loon onder punt (8). Ek het meer of min, saam

Collection Number: AD1438

NATIVE ECONOMIC COMMISSION 1930-1932, Evidence and Memoranda

PUBLISHER:

Collection funder:- Atlantic Philanthropies Foundation

Publisher:- Historical Papers Research Archive

Location:- Johannesburg

©2013

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of the archive of the South African Institute of Race Relations, held at the Historical Papers Research Archive at the University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.